

# GEMEENTE.

# LES 25

<b>1</b>	GEBED
----------	-------

**Bid** vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor dissipelmaking aan die Here toe.

<b>2</b>	DEEL (20 minute) <i>[STILTETYE]</i> LUKAS 1:1 – 4:30
----------	---

*Maak beurte en vertel/deel (of lees )kortliks* wat jy in een van jou stiltetye uit die voorgeskrewe Bybelgedeeltes geleer het (Lukas 1:1 – 4:30). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

<b>3</b>	MEMORISERING (5 minute) <i>[CHRISTELIKE HUWELIK]</i> (1) GENESIS 2:24
----------	--

Die sewende serie (G) memorisasie verse gaan oor die "christelike huwelik". Die titels van die vyf Bybelverse is:

- (1) Verlaat en heg. Genesis 2:24
- (2) Liefhê en lei. Efesiërs 5:23, 25
- (3) Liefhê en onderwerp. Titus 2:4-5
- (4) Konflik-oplossing. Matteus 5:23-24
- (5) Bly getrou. Spreuke 3:3-4

**Mediteer, memoriseer en repeteer** twee aan twee.

**(1) Verlaat en heg. Genesis 2:24.** Daarom sal 'n man sy vader en moeder verlaat en hom aan sy vrou heg (ANV: saam met sy vrou lewe); en hulle sal één vlees (liggaam) word (Hebreeus: basar echad) (ANV: een word).

<b>4</b>	ONDERRIG (85 minute) <i>[KERK OPBOUENDE BEDIENING]</i> OPVOEDING VAN KINDERS IN DIE CHRISTELIKE GESIN
----------	--

**Inleiding.** Hierdie studie gaan oor die opvoeding van kinders in die christelike gesin . Wat leer die Bybel oor die verantwoordelikheid van Christen ouers met betrekking tot die opvoeding van hul kinders? Ons lê die nadruk op voorbeeld en liefde. Volgens Jesaja 43:7 het God *kinders geskep tot sy eie heerlijkheid*. Volgens Psalm 127:3 *behoort kinders dus aan God*. God vertrou kinders toe aan ouers om hulle namens Hom op te voed!

In 1 Samuël 1:11,28 lees ons hoe Hanna haar kind aan God en sy diens gewy het. Sy het God gevra om haar 'n kind te gee en God het aan haar 'n kind geskenk. Daarom het Hanna die kind aan God teruggegee om Hom al die dae van sy lewe te dien. God maak Christen ouers verantwoordelik om hulle kinders op te voed "in die vrees van die HERE" (om God te ken, in Hom te glo en Hom te vertrou), maar Hy vra hulle nie om hulle kinders aan 'n kerk (kerkgenootskap of instelling) of tot 'n voltydse bediening aan God te wy nie. Dit is sake wat die kind self moet besluit as hy volwasse geword het. God roep die meeste Christene om Hom te dien in hul gewone lewe in die gemeenskap. Nietemin vra God ouers om hulle kinders namens Hom op te voed volgens die vereistes van die Bybel.

God gee aan ouers drie belangrike verantwoordelikhede:

- 'n voorbeeld te wees vir hul kinders
- hulle lief te hê
- hulle te leer en op te lei (sien ook les 27).

## A. DIE VERANTWOORDELIKHEID OM 'N VOORBEELD TE WEES VIR DIE KIND

### 1. Twee vorme van voorbeeld wees.

**Ontdek en bespreek.** Wat is 'n goeie en 'n slegte voorbeeld van ouers?

(1) Die Bybel waarsku teen die slegte voorbeeld van ouers.

**Lees** 1 Konings 22:51-53; 2 Kronieke 25:2,14-20; 2 Kronieke 26:4,16-19.

**Aantekeninge.** Koning Ahasia van Israel het gedoen wat sleg is in die oë van die HERE, omdat hy die pad geloop het van sy pa (Agab) en sy ma (Isebel) wat vir Israel laat sondig het. Hulle het afgode gedien en hulle kind het hulle voorbeeld gevolg!

Koning Amasia het die HERE gedien, maar nie met sy hele hart nie. Hy was arrogant en hoogmoedig. Sy seun, Usia, het sy slegte voorbeeld gevolg en het ook aanmatigend teenoor die HERE opgetree.

(2) Die Bybel wys wat 'n goeie voorbeeld van ouers kan doen.

**Lees** Spreuke 31:10-31.

**Aantekeninge.** Die moeder in Spreuke 31 het 'n goeie invloed op haar man en kinders gehad, sodat hulle opgestaan het en haar geprys het, omdat sy so 'n groot seën vir hulle was! Dis belangrik dat ouers 'n goeie voorbeeld aan kinders gee veral op die volgende vyf gebiede: gehoorsaamheid, waarheid (eerlikheid), respek, wysheid en liefde.

(3) Alhoewel Christen ouers gered is, sondig hulle nog steeds (1 Johannes 1:8 - 2:2).

**Lees** Matteus 5:23-24; Spreuke 3:33.

**Aantekeninge.** Ouers is nie volmaak nie, maak foute en het op bepaalde terreine miskien 'n slegte invloed op hulle kinders (bv. hoe hulle kwaad word). Dit is dan 'n geleentheid vir 'n ouer om vergewing van sy kind te vra en hom met sy kind te versoen. Die HERE laat sy oë op die regverdige rus, maar keer Hom teen mense wat kwaad doen (1 Petrus 3:12)!

## 2. Die verantwoordelikhede wat God aan ouers gee.

**Ontdek en bespreek.** Soos wat word 'n seun of dogter in die toekoms? Netsoos sy/haar ouers! Die beste manier waarop kinders leer oor wat liefde, leierskap, respek en onderwerping is, is deur elke dag hul ouers dop te hou!

(1) Die God-gegewe verantwoordelikheid van die moeder.

**Lees** Genesis 3:16; Titus 2:4-5.

**Aantekeninge.** Die God-gegewe verantwoordelikhede van die moeder is dat sy die vader van haar kinders moet dien deur hom lief te hê, te respekteer en haar aan sy leierskap te onderwerp. Titus 2:4 leer dat jong moeders hul eggenote en hul kinders moet liefhê, verstandig en kuis, goeie huisvrouens en onderdanig aan hulle mans moet wees. Dan sal die Woord van God nie in diskrediet kom nie.

Alhoewel vrouens in God se oë net so kosbaar is as mans, het God aan hulle tog ander funksies toegewys:

- op fisiek terrein in kinders in die lewe te bring
- op sosiaal terrein in die huwelik en in die gesin
- op geestelik terrein in hul take in die gemeente

Selfs al word hierdie onderskeid in die wêreld verwerp, mag Christen vrouens hierdie deur God gegee funksies nie opsy skuif nie! Veral wanneer kinders nog baie jonk is, het hulle 'n moeder nodig wat tuis is, hulle liefhet, onderrig en aanspoor om te groei. 'n Werkende moeder in die moderne samelewing moet 'n afweging maak tussen die verlange om meer materiële besittings, 'n luukse lewe en onafhanklikheid enersyds en die emosionele, sosiale, intellektuele, materiële en geestelike ontwikkeling van haar kinders andersyds.

(2) Die God-gegewe verantwoordelikheid van die vader.

**Lees** Genesis 3:17-19; Efesiërs 5:22-25; 6:4; 1 Korintiërs 13:4-8.

**Aantekeninge.** Die God-gegewe verantwoordelikheid van die vader is dat hy die moeder van sy kinders moet dien deur haar lief te hê en goed te lei. God het 'n ander groep funksies aan manne toegewys:

- om die moeders van hul kinders lief te hê
- en haar te lei net soos Christus die Gemeente liefhet en lei
- om te werk en inkomste te verwerf
- om die kinders op te voed met tug en vermaning soos die Here dit wil.

Selfs al word hierdie God-gegewe verantwoordelikhede deur die wêreld verwerp, mag Christen vaders hierdie deur God gegee funksie nie opsy skuif nie! Veral tieners het 'n vader nodig wat aan hulle aandag, vriendskap, raad en aansporing gee.<sup>1</sup>

(3) Ouers oes wat hulle saai in die gesin.

**Lees** Galasiërs 6:7-8; Esegïël 16:44.

**Aantekeninge.** As vader liefhet en lei soos Christus die Gemeente liefhet en lei, sal dit nie moeilik vir die moeder wees nie om hom lief te hê en haar aan sy leierskap in die gesin te onderwerp nie! Wanneer die vader en moeder hul aan hul God-gegewe verantwoordelikhede toewy, sal hul kinders dit raaksien en op hierdie manier leer hoe hulle moet liefhê, leiding gee, respek toon en hul aan gesag te onderwerp. Hulle sal leer wat dit beteken om 'n vader en 'n moeder te wees in die Koninkryk van God. En dan sal volgens Esegïël 16:44, “die dogter soos haar ma wees” en “die seun soos sy pa!”

(4) Bogenoemde redes toon aan waarom elke kind 'n vader en 'n moeder nodig het.

**Lees** Maleagi 2:13-16; Lukas 14:12-14; Jakobus 1:27.

**Aantekeninge.** 'n Rede waarom God egskeiding haat is dat 'n egskeiding onberekenbare skade veroorsaak aan die kinders! God gebruik die christelike huwelik en die christelike gesin sodat daar 'n nageslag sal wees wat Hom eer! As een van die ouers oorlede is of geskei is, moet die broers en die susters in die gemeente meer aandag gee aan die kinders van die weduwee, wewenaar of geskeie persoon. Hulle behoort hierdie kinders of weeskinders dikwels in hul gesinne uit te nooi sodat die kinders ook hierdie geestelike waarhede kan leer.

<sup>1</sup> Die deur God gegee verantwoordelikhede vir manne en vrouens bly bestaan, ongeag wie die broodwinner is.

### 3. Die voorbeeld van die ouers se reaksies op mense en omstandighede.

**Ontdek en bespreek.** In watter omstandighede kan 'n ouer invloed uitoefen op sy/haar kind? Dis baie belangrik hoe 'n ouer reageer op ander mense en op omstandighede in die lewe, veral op *moeilike mense en moeilike omstandighede*.

(1) Die goeie voorbeeld van die ouers navolg.

**Lees** 1 Tessalonisense 1:3; 5:14; Romeine 8:28.

**Aantekeninge.** Ouers gee 'n voorbeeld hoe hulle met moeilike mense omgaan, hoe hulle in geloof optree in uitdagende omstandighede en hoe hulle vashou aan hoop in moeilike omstandighede. Kinders bewonder hul ouers as hulle wanordelike mense tereg wys, moedlose mense aanspoor, swak mense steun en geduld het met alle soorte mense. So leer die kinders om die voorbeeld van hul ouers na te volg en dieselfde dinge te doen! Wanneer kinders sien hoe hulle ouers God vertrou en hul onderwerp aan God se doele in moeilike omstandighede, dan sal hulle later as volwasse mense hierdie voorbeelde ook navolg.

(2) Die slegte voorbeeld van ouers navolg.

**Lees** Galasiërs 6:7-8; 1 Petrus 2:23.

**Aantekeninge.** Maar kinders volg nie alleen die goeie voorbeeld van hul ouers nie. Hul volg ook die slegte voorbeeld van hul ouers. As hulle ouers voortdurend ander mense kritiseer, oordeel, kwaadsprek oor hulle, bepaalde mense haat (rasisme, godsdienstige haat), wraak neem (eerwraak), mense uitskel (slegsê), mense dreig as hulle ly, ens. dan sal hulle kinders ook geneig wees om hierdie slegte voorbeeld van hul ouers te volg.

### 4. Die voorbeeld van die verhouding van ouers met God.

(1) Die plek van Christus in die christelike gesin.

**Ontdek en bespreek.** Watter plek sou God of Jesus Christus in die christelike gesin moet hê?

**Lees** Deuteronomium 6:5-6.

**Aantekeninge.** Ouers behoort 'n voorbeeld te gee hoe hulle met God omgaan. Byvoorbeeld, deur elke dag uit die Bybel te lees en as 'n gesin saam te bid. In Deuteronomium 6:5-6 beveel God dat die ouers bowenal God moet liefhê met heel hulle hart, siel en krag. Ouers moet God se woorde in hulle eie hart laat heers en toelaat dat God se woorde hulle lei hoe hulle moet lewe en hulle moet gedra. God moet die eerste plek kry in die hart van die vader en die moeder en ook in die christelike gesin!

(2) Die plek van die kinders en die bediening in die christelike gesin.

**Ontdek en bespreek.** Watter plek sou die kinders en die bediening in die christelike gesin moet hê?

**Lees** Matteus 10:37; 1 Timoteüs 3:4-5.

**Aantekeninge.** In Matteus 10:37 sê Jesus, "Hy wat sy vader of moeder liever het as vir My, is nie werd om aan My te behoort nie; hy wat sy seun of dogter liever het as vir my, is nie werd om aan My te behoort nie." Daarom moet ouers *die versoeking om hulle gesin rondom hul kinders te laat draai weerstaan word*, omdat dit die kinders selfsugtig sal maak en hulle sal bederf! Intendeel moet die ouers die kinders help om volwasse te word en verantwoordelikheid en karakter te ontwikkel.

So moet die christelike gesin ook nie rondom 'n christelike bediening draai nie, omdat die kinders dan maklik verwaarloos sal voel en moedeloos sal word. Sulke kinders onttrek hulleself van hul ouers. Die christelike gesin moet rondom Jesus Christus en sy woorde draai! So ontstaan die beste moontlike balans tussen die verskillende verantwoordelikhede en prioriteite van sowel die ouers as die kinders.

## **B. DIE VERANTWOORDELIKHEID OM DIE KIND LIEF TE HÊ**

### 1. Liefhê volgens die beginsels van 1 Korintiërs 13.

**Ontdek en bespreek.** Hoe behoort ouers hul kinders op 'n praktiese manier lief te hê?

**Lees** 1 Korintiërs 13:4-8.

**Aantekeninge.** Die ouers moet hul kind nie op 'n sentimentele manier liefhê nie, maar volgens die beginsels van die Bybel. "Geduld" is die liefde wat kan wag. Dit is liefde wat vriendelikheid nie afdwing nie, maar kan wag om vriendelik te wees. "Vriendelikheid" is die liefde wat help en geen kans verby laat gaan nie om goed aan die kind te doen nie. Wat regtig goed is vir die kind word nie bepaal deur die wense en gejammer van die kind nie, maar deur God se Woord en die ervaring van die ouers. "Nie afgunstig nie" is die liefde wat die kind waardeer, erkenning en eer gee. "Nie grootpraterig nie" is die liefde wat beskeie is m.b.t. sy verworwenhede, prestasies en verdienste en dus nie probeer om die kind te imponeer nie. "Nie verwaand nie" is die liefde wat nederig is m.b.t. sy eie sterk en swak punte ten aansien van die kind. 'n Kind sien dwarsdeur die pretensies (eiedunk) en dubbel standarde van hul ouers. "Handel nie onweloweglik nie" is die liefde wat goeie maniere het en taktvol op die kind reageer. "Soek nie sy eie belang nie" is die liefde wat op onselfsugtige wyse die belange van die kind bo sy eie belange stel. "Nie liggeraak nie" is die liefde wat sig op deemoedige wyse onderwerp aan die verwondings en pyn wat die kind af en toe veroorsaak, ens.

## 2. Liefhê deur onverdeeld aandag te gee.

**Ontdek en bespreek.** Hoe behoort ouers op 'n praktiese manier aandag aan hul kinders te gee?

(1) Gee onverdeeld aandag.

**Lees** Galasiërs 6:7-8.

**Aantekeninge.** Ouers moet onverdeeld aandag aan hul kinders gee, anders sal die kinders later geen aandag aan hul ouers gee nie! Wat ouers in die kinderjare in hul kinders saai, sal hulle in hul tienerjare van hul kinders oes!

(2) Luister met volle aandag.

**Lees** Spreuke 18:13.

**Aantekeninge.** Ouers behoort aandagtig te luister wanneer hul kinders vrae stel of wil praat. Ouers moet nie selektief na die kind luister en dan veronderstellings maak oor wat die kind sê nie. Hulle moet geduld beoefen en die kind heeltemal laat uitpraat. Die kind wil ernstig geneem word en wil voel dat hy aanvaar word (Romeine 15:7). As kinders die gevoel kry dat hul ouers nie goed luister nie, hulle belaglik maak of wat hulle sê, afwys, dan voel hulle asof hul ouers hulle verwerp het. As 'n kind nie meer na sy ouers luister nie, is dit miskien omdat die ouer nie na die kind luister nie!

(3) Neem baie tyd om met die kind te verkeer.

**Lees** Markus 3:13-14.

**Aantekeninge.** Jesus wou dat sy dissipels “saam met Hom” (ANV: by Hom) sou bly. Alleen deur “saam met Hom” te bly, kon Jesus invloed op hulle hê en hulle oplei. Ouers moet planne maak om baie gereeld baie tyd en aandag aan elke kind te gee. Doen dan kreatiewe dinge saam met mekaar, speel speletjies, maak uitstappies, maak saam musiek, lees boeke aan hulle voor, eet saam met hulle op 'n spesiale plek, besoek 'n museum, ens. Doen dinge wat belangrik is “saam met hulle”! Sorg dat hierdie tyd nie deur ander dinge weggevat word nie!<sup>2</sup>

(4) Bestee geld en jouself aan jou kind.

**Lees** 2 Korintiërs 12:14-15.

**Aantekeninge.** Paulus sê, “Dit is immers nie die kinders wat vir die ouers sorg nie, maar die ouers vir die kinders.” Hy sê, “Ek sou graag alles wil gee vir julle lewe, ja, ook myself.” Bestee beskikbare geld aan die werklike behoeftes van die kind. Gee hulle 'n goeie opleiding tuis, in die skool, op 'n sportskool, deur middel van kursusse, en die beste moontlike geestelike opleiding in 'n jeugvereniging. Indien nodig, maak minder onkoste op ander terreine of gaan al twee werk alleen wanneer die kinders uit die huis by die skool is, om die beste investering in jou kinders te maak. Probeer om nie finansiële afhanklik van die kinders te wees as jy oud geword het nie.

Paulus sê, “Ek sou graag myself spandeer en spandeer word (uitput) (Grieks: dapanáo) vir julle siele.” Selfs al het 'n kind sy ouers minder lief, tog moet ouers hul kinders meer liefhê. Bind jou kinders nie aan jouself nie, maar aan Jesus Christus! Ook Christus het nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe as 'n losprys vir baie mense te gee (Markus 10:45). Natuurlik moet die ouers onderskeid maak tussen die opbou van die kinders deur tegemoet te kom aan hulle werklike (emosionele, intellektuele, sosiale en geestelike) behoeftes enersyds en deur hulle andersyds te bederf met goeters wat hulle begeer!

## 3. Liefhê deur volwassenheid en gesonde wedersydse afhanklikheid te ontwikkel.

**Inleiding.** Sommige kinders word heeltemal onafhanklik van alle gesag bo hulle. Uiteindelik rebelleer hulle of word kriminele. Ander kinders word weer heeltemal afhanklik van hul ouers of 'n ander persoon. Hulle bly onvolwasse en ontwikkel 'n ongesonde afhanklikheid<sup>3</sup>. Sowel volkome onafhanklikheid as volkome afhanklikheid is ongesond. Enersyds leer die Bybel dat volwasse Christene mekaar nodig het, mekaar moet dien en liefhê, (1 Korintiërs 12:21; 1 Petrus 4:10) – en daarom moet kinders 'n gesonde wedersydse afhanklikheid in hulle verhoudings leer. Andersyds verbied die Bybel dat Christene slawe van ander mense word (Jeremia 17:5-8; Galasiërs 1:10). Daarom moet die kinders 'n gesonde onafhanklikheid van ander mense in hul verhoudings ontwikkel.

**Ontdek en bespreek.** Hoe help 'n ouer sy kind om volwassenheid en gesonde wedersydse afhanklikheid te ontwikkel?

(1) Gee kinders 'n juk wat hulle moet dra wat bestaan uit toegewese take en verantwoordelikhede.

**Lees** Klaagliedere 3:27.

**Aantekeninge.** Ouers help hul kinders om volwassenheid en 'n gesonde wedersydse afhanklikheid te ontwikkel deur vir hulle 'n juk<sup>4</sup> te gee om te dra in hulle jeug. Hierdie juk bestaan uit uitdagende take en verantwoordelikhede. Klaagliedere 3:27 sê, “Dit is goed vir 'n mens om sy las (juk) in sy jeug te dra.” As 'n kind te veel vrye tyd het, raak hy verveeld, raak hy betrokke by verkeerde vriende en allerlei kwaad, ontwikkel asosiale gedrag en kom in die misdaad tereg. Maar as hy besig gehou word met allerlei gesonde aktiwiteite en verantwoordelikhede, ontwikkel hy tot 'n volwasse en verantwoordelike persoon. Die aktiwiteite en verantwoordelikhede wat hy leer in die beskermde kring van sy huisgesin stel hom in staat om dieselfde dinge te doen in die onbeskermde kring van die maatskappy!

God het aan ouers die verantwoordelikheid gegee om hul kind op te voed en op te lei en ouers mag nie nalatig word in hul plig teenoor hul kinders nie. Kinders opvoed en oplei kos baie tyd en energie, en verg baie insig en wysheid. Maar

<sup>2</sup> Skakel jou selfoon uit!!!

<sup>3</sup> Engels: co-dependency

<sup>4</sup> Vroeër het mense 'n juk op die nekke van twee osse geplaas om 'n ploeg te trek.

dit kos 'n kind ook baie tyd en energie, geduld en selfdisipline. 'n Ouer mag nie terugdeins vir die juk van aktiwiteite en verantwoordelikhede wat sy/haar kind moet dra nie.

(2) Leer kinders om tevrede en dankbaar te wees.

**Lees** Filippense 4:11-12; 1 Timoteüs 6:6-10.

**Aantekeninge.** Ouers help hul kinders om volwasse te word en 'n gesonde wedersydse afhanklikheid te ontwikkel deur aan hulle tevredeheid en dankbaarheid te leer. As 'n ouer sy/haar kind regtig liefhet, dan sal hy/sy hom/haar nie alles gee wat hulle graag wil hê of vra nie. Ouers wat aan hulle kinders gee wat hulle begeer of vra, verwen hulle kinders en dit lei dikwels tot bederf. Maar as 'n kind tevredeheid geleer het in omstandighede waar hy nie kry wat hy begeer nie, dan leer hy om kreatief te word en inisiatief te neem om waardevolle dinge te doen, byvoorbeeld, hy soek deelydse werk, volg 'n ekstra kursus of doen vrywilligerswerk.

(3) Beskerm die kind nie teveel nie.

**Lees** Jesaja 43:2.

**Aantekeninge.** Ouers help hul kinders om volwassenheid en 'n gesonde wedersydse afhanklikheid te ontwikkel deur hulle nie te veel te beskerm nie. Kinders moet leer om in hierdie wêreld te lewe en te werk, met al sy gevare, versoekings, teenslae en teleurstellings. In Jesaja 43:2 beloof God aan sy kinders, "As jy deur water moet gaan, is Ek by jou, deur riviere, hulle sal jou nie wegspoel nie; (dink aan die deurtog deur die Rooi See). As jy deur vuur moet gaan, sal dit jou nie skroei nie, die vlamme sal jou nie brand nie (dink aan die vriende van Daniël in die vurige oond)." As jy steeds jou kind beskerm teen alle gevare en versoekings, leer die kind nooit hoe om met gevaar om te gaan nie of hoe om versoekings te weerstaan nie! Dan leer hy ook nie om op God te vertrou as hy deur diep probleme en brandende versoekings heen moet gaan nie.

Natuurlik beskerm 'n ouer sy/haar kind wanneer dit regtig nodig is. Maar ouers moet hul kinders geleentheid gee om te leer hoe hulle met versoekings, probleme en gevare moet omgaan. Alleen op hierdie wyse leer kinders insig en wysheid, leer hulle om goeie keuses en besluite te maak en om hul vertroue op God en sy beloftes in die Bybel te stel. Bly naas die kind staan, bespreek die probleme in die wêreld en die gevolge daarvan as jy nie goed daarmee kan omgaan nie, bemoedig die kind om elke keer weer op te staan as hy geval het, gee wyse raad en bid vir hom, sodat die kind nie deur die moeilikhede oorweldig word nie. Maar neem hierdie kans om iets te leer uit sy moeilikhede en geleentheid nie van hom weg nie!

(4) Wees nie besitlik nie.

**Lees** Psalm 127:3.

**Aantekeninge.** Ouers help hul kinders om volwassenheid en gesonde wedersydse afhanklikheid te ontwikkel deur die kind nie te behandel as sy besit nie. Kinders moet beseftig dat hulle nie die besit van hulle ouers is nie, maar van God! Hulle ouers is nie hulle "baas" nie, maar Christus is die Here! Kinders bly die besit van God en word vir 'n klein tydjie toevertrou aan hulle ouers om hulle namens God op te voed en op te lei. "Die besitlike liefde van 'n moeder" wil elke gedagte en handeling van die kind weet; of probeer die kind emosioneel en sosiaal afhanklik van haar sorg en hulp te maak (deur vir sy ete, kleding en slaapkamer te bly sorg). "Die besitlike liefde van 'n vader" maak alle keuses en besluite wat die kind self behoort te maak, vir hom. Wanneer die ouers besitlike liefde teenoor hul kind vertoon, word die kind ook besitlik, selfgerig, selfsugtig, hebsugtig, gierig, geheimsinnig of arrogant! Intendeel, die ouers moet hulle kind belangrike eienskappe soos selfverloëning, mededeelsaamheid en dienslewering leer.

**Samenvatting.** Ouers het die verantwoordelikheid om hul kinders volwassenheid en gesonde wedersydse afhanklikheid te leer. Kinders word egter ook baie beïnvloed deur hul vriende, leraars op skool, instruktors op sport, kursusse, die massamedia, hul "smartphones" en elektroniese speletjies, televisie en die boeke wat hulle lees. Daarom, as ouers 'n goeie gewete het dat hulle alles gedoen het wat hulle kan om hul kind goed op te voed en goed op te lei, maar die kind bly onvolwasse en onverantwoordelik, dan moet die ouers nie hulleself beskuldig nie, maar volhard om hulle kind te besoek, hom lief te hê en vir hom te bid.

Uiteindelik is 'n kind self verantwoordelik vir wie hy word en vir wat hy doen! Prediker 11:9; 12:1,13-14 sê,

"Jy wat jonk is, moet vreugde vind in jou jeug en jou jong dae te volle te geniet.. Doen wat jy goeie vind en waarvan jy hou, maar moenie vergeet dat God van jou rekening sal eis oor alles nie.. ... Dink aan jou Skepper in jou jong dae voor die swaar dae kom, die jare aanbreek waarvan jy sal sê: "Ek het daar niks aan nie. ... Die slotsom van alles wat jy gehoor het, is dit: Dien God en gehoorsaam sy geboorte. Dit is wat van die mens gevra word. God sal rekening eis oor alles wat gedoen word, ook oor wat in die geheim gedoen word, of dit goed is of kwaad."

<b>5</b>	GEBED (8 minute)	<i>[REAKSIES]</i> GEBED IN ANTWOORD OP GOD SE WOORD
----------	------------------	--

*Bid saam* met mekaar as antwoord op wat God gesê het. Laat elkeen in die kring om die beurt kort (in één of twee sinne) bid en teenoor God reageer op wat hy in hierdie byeenkoms van Hom geleer het.

*Deel* die voorbereiding vir die volgende keer op 'n stukkie papier uit of laat die groeplede dit neerskryf.

1. Toewyding. Wy jou steeds daaraan toe om dissipels te maak en die gemeente van Jesus Christus op te bou.
2. Verkondig, onderrig of bestudeer die studie oor “Opvoeding van kinders in die christelike gesin” saam met 'n persoon of 'n klein groepie mense.
3. Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer 'n halwe hoofstuk per keer uit Lukas 4:31 – 7:50. Maak gebruik van die verkose Bybelvers of die gunstelingwaarheid metode en maak kort aantekeninge.
4. Memorisering. Mediteer en memoriseer die nuwe Bybelvers: (2) Liefhê en lei. Efesiërs 5:23,25. Herhaal elke dag die laaste vyf Bybelverse wat jy uit jou kop geleer het.
5. Bybelstudie. Berei die volgende Bybelstudie tuis voor. Johannes 11. Maak gebruik van die vyf stappe metode en maak kort aantekeninge.
6. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifiek en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
7. Hou jou aantekeninge op datum. Sluit jou aantekeninge oor stiltetyd, memorisering, jou Bybelstudie en hierdie opdrag in.